
15 FEBRUARIE 2026

# TORINGKERK NUUS

EREDIENS | DIE VERBORGE WERK VAN GENADE | MARK. 4:26-29



## WORTELS GROEI VOORDAT BLOMME WYS.

# REEKS: VERRAS DEUR DIE TUINIER

Hierdie reeks is 'n uitnodiging aan die gemeente om saam op reis te gaan vir die 6 weke om ons te help om Jesus raak te sien waar Hy reeds teenwoordig is. Dit sal ook bydra om ons te help om geloof te verstaan as iets wat oor tyd groei en daardeur wil ons ruimtes skep waar mense versorg word en self begin versorg. Deur die beeld van Jesus as Tuinier ontdek ons God wat stadig, liefdevol en doelgerig werk, wat mense in verskillende seisoene akkomodeer en geloof te laat groei deur kweek eerder as dwang. As Tuinier, roep Jesus ons op die naam, versorg en snoei Hy ons, en stap Hy saam met ons deur elke seisoen van die lewe. Kom reis saam!





# LYDENSTYD & ASWOENSDAG

Op 18 Februarie is dit Aswoensdag en die begin van Lydenstyd. Dit is die belangrikste seisoen in die kerkjaar en dit eindig met die dood en opstanding van Christus. Vir 40 dae (van Aswoensdag tot en met Opstandingsondag) reis ons saam met Jesus op Sy pad van lyding en versoeking. Dit is gebruiklik om in hierdie tyd te vas of 'n geloofsgewoonte by te voeg.

Ons begin Lydenstyd saam met 'n **Aswoensdagdiens op Woensdag 18 Februarie om 18:30.**

# VALENTYNSDAG

Sint Valentynsdag was oorspronklik 'n godsdienstige viering om een of meer Christelike heiliges met die naam Valentinus te verheerlik. Talle verhale van martelary is op dié dag vertel oorvertel. 'n Baie gewilde verhaal was dié van Sint Valentinus van Rome wat in die tronk gestop is omdat hy soldate getrou het wat nie veronderstel wat om te trou nie en omdat hy hulle tot die Christendom bekeer het. Die Romeinse owerheid het hom op die ou end tereggestel. Volgens oorlewering het hy die man wat hom in die tronk gestop het, Asterius, se dogter genees, en het hy het glo voor sy dood 'n brief aan haar geskryf wat hy onderteken het as: Jou Valentyn.

***Ons deel Sondag saad-koekies uit wat aansluit by ons reeks en tema vir Sondag en dan ook in die vorm van 'n hartjie is om Valentynsdag te vier.***



# WYNVEILING SKENKINGS

Op 8 Mei is dit weer ons wynveiling en ons is baie opgewonde om weer hierdie geleentheid te vier. Ons vra vir lidmate om asb na hulle versameling wyne en ander drank te gaan kyk en dit te oorweeg om 'n skenking of twee te maak vir hierdie jaar se geleentheid. as dit nie in die vorm van 'n bottel kan wees nie sal 'n donasie ook welkom wees. Ons waardeer dit ongelooflik baie.

***Kontak vir Gert (0836299267) of een van die leraars indien jy 'n skenking kan maak.***





# HAM HUIS ARISTEA VERJAARSDAE

Ons gemeente is nou al vir 'n klomp jare betrokke by Huis Aristea waar 13 dogters woon en ons 'n pad met elkeen stap. Ons maak 'n groot ding van elkeen se verjaardae, ons het iemand in die gemeente wat vir elke dogter haar eie koek bak en ons benodig lidmate wat bereid sal wees om vir een van die dogter 'n geskenk te koop met haar verjaarsdag. Elke dagter gee 'n wenslysie so dit maak dit ook makliker.

***Kontak Elizmari (0849987865) indien jy betrokke wil raak***

# RUSOORD BASAAR

Rusoord hou in Maart weer basaar en vra vir skenkings van 'n paar items indien moontlik asb: hot dog buns, hoender fillets, hoender vlerkies, kropslaai, rooi uie, aarbei roomys, vanilla roomys, klein boksies sappies, tamatiesous, sweet chilli sous, chip sauce, chutney, rys, lamsvleis stukkies, uie, aartappels, boerewors, self raising, flour, cordon bleu margerine, wit, suiker, bruin suiker, golden syrup, cherries, smarties, klapper, chocolate, chip/ of stukkies, cream of tartar, bicarbonate of, soda, eiers, ideal melk, kondensmelk, baie dose vla, jellie, kitspoeding, koekmeel

***Kontak asb die kerkkantoor vir meer inligting.***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

TORINGKERK

# dagboek DIE DATUM



**18 JAN** — **WELKOM TERUG**
TORINGKERK| 09:00 | REGISTRASIE




**25 JAN** — **MATRIEKDIENS**
TORINGKERK | 09:00



**18 FEB** — **ASWOENSDAG**
TORINGKERK | 18:30



**20-22MRT** — **GEMEENTEKAMP**
DORINGLAAGTE - MONTAGU



**28-30 MRT** — **#IMAGINE KAMP**
BREDASDORP | TIENERS



**3 APR** — **GOEIE VRYDAG**
STROOIDAK | 09:00

# GEMEENTERAAD

Ons wil graag die Gemeenteraad verryk met meer vaardighede en daarom wil ons vir jou vra om daaroor te dink en te bid en dalk met iemand te gesels of jy nie dalk geroep voel om vir 'n termyn op die Gemeenteraad te dien nie.

Jy is welkom om met een van die predikante ook hieroor te gesels om saam te onderskei. Ons vra dat jy jouself oopmaak om te hoor of dit nie dalk 'n plek is waar jy geroep word om te bedien nie.

***Kontak die kerkkantoor indien jy 'n nominasie vorm benodig.***






# KINDERKLEINGROEPE KUIER BY RUSOORD

Op 22 Februarie gaan die Kinderkleingroepe weer vir Rusoord besoek. Ons gaan direk na kerk om te kuier met die inwoners van Rusoord. Enige ouers is welkom om saam te kom. Dis vir ons belangrik om lidmate oor verskillende generasies bymekaar te bring as gemeenskap van gelowiges en daarom is hierdie kuiers ook vir ons so kosbaar en belangrik.

***Kontak vir Stefan vir meer inligting.***

# KRUISCONNECT STAPPIE

Die KruisConnect groep gaan **hierdie Sondag, 15 Februarie** saam stap en Bybelstudie hou.

Ons kom Sondagoggend vroeg by die kerk bymekaar vir 'n kort 'hike' op Paarlberg. Alle ouers is ook baie welkom.

Ons gaan mekaar by die kerk kry om **06:30** en dan voor kerk weer terug wees. B**ring water, tekkies en jou 'Inniwoord' boekie**. Vrywaringsvorms sal volg.



# KUIER & KLETS

## Besoek Glasmuseum by Glenelly Estate

**Twintig Kuier en Klets Seniors het op 11 Februarie 'n baie interessante Uitstappie na die Glenelly Landgoed, Glas Museum onderneem. Wat 'n belewenis was dit nie! Die mees uitsonderlikste glassware tot so ver terug as 50 voor Christus en die eeue daarna tot moderne nuutskeppings van uitsonderlike glaskunstenaars is te sien in die pragtige plaasomgewing. Dit is opgevolg met heerlike verversings by Hillcrest Bessieplaas in Hellshoogte.**

**Dit was 'n sielsverrykende oggend. Dank aan Hannetjie Lotz vir puik reëlings en Toringkerk se oulike Kuier en Klets groep.**











# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

15 Feb Fritz Bürhmann
15 Feb Christine le Roux
15 Feb Andries Louw
15 Feb Theresa Rabe
16 Feb Leah Agenbag
16 Feb Chantel Swart
17 Feb Justine Batt
17 Feb Juan Dyason
17 Feb Alida Laing
17 Feb Bertie Swart
17 Feb Johan Volschenk
18 Feb Danie Fourie
18 Feb Karl Rabe
18 Feb Chris Stander
19 Feb Imke Engelbrecht
19 Feb San Opperman
19 Feb Gerard Schreuder
20 Feb Liezel De Klerk
20 Feb Katrina Muller
20 Feb Antoinette van Deventer
20 Feb Angelique Van Wyk
21 Feb Derek Bester
21 Feb Annelie Koegelenberg
21 Feb Adrian Nel
21 Feb Antoinette Rossouw

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Tema: Jacobus en Johannes

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag - van na die diens tot 11h00.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk hierdie Dinsdag 17 Februarie, om 19:00 in die bo-saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 15 Feb**
Matt. 5:17-37

**MAANDAG, 16 Feb**
1 Joh 2:24-28

**DINSDAG 17 Feb**
Jes. 57:14-19

**WOENSDAG, 18 Feb**
Matt. 6:1-6, 16-18

**DONDERDAG, 19 Feb**
Ps .71

**VRYDAG, 20 Feb**
Jes. 41:8-10

**SATERDAG, 21 Feb**
Joh. 1:29-34

**SONDAG, 22 Feb**
Ps. 51

# DEURKOLLEKTE

## SINODALE DEURKOLLEKTE : TEOLOGIESE KWEEKSKOOL

Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch bied onder andere opleiding vir studente van verskillende kerke met die oog op die bediening as predikant en jeugwerkers. Die uitdrukking Teologiese Kweekskool dui op daardie afdeling/skool in die Fakulteit Teologie van die Universiteit wat predikante vir die bediening in die NG Kerk oplei. Predikante van die NG Kerk-familie word sedert 1859 hier opgelei. U voorbidding vir beide die bedienings- en akademiese vorming van al die studente, die Dekaan, dosente en al die personeel word gevra.

# KALENDERBORG: FEBRUARIE

African Mutual Trust Company
AM TRUST
Trusts
Testamente
Boedelbestuur van oorledenes
Boedelbeplanningsdienste
021 860 1500
25 Van Der Lingen Street, Paarl
trust@amtc.co.za | wills@amtc.co.za

# KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

## DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN
BLY IN KONTAK
METJOU
TORINGKERK
GEMEENSKAP
VIA
WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.